**Die uur het gekom**

**Joh 12:20-36**

**14 September 2025**

1. Vantevore: Intog van die Here Jesus in Jerusalem was vervulling van Ps 118 en Sag 9. Hy is die regverdige Oorwinnaar-Koning wat nederig op 'n donkie Jerusalem ingaan – om die aanvoerder van goddelose konings, die duiwel, te oorwin, en regverdiges saam met Hom te neem na die Here toe, en sodoende vestig Hy sy wêreldwye koninkryk van vrede.
2. Agtergrond wat gelei het tot: "Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word" (Joh 12:19-23)
    a. Grieke (dus nie-Jode) het gekom om te aanbid, en die Here Jesus te sien
        - Vgl v19: "...die hele wêreld loop agter Hom aan"
    b. Die Here Jesus antwoord, maar nie eksklusief aan die Grieke nie
    c. Sy antwoord: "Die uur het gekom..." (vgl Joh 2:4, 7:30, 8:20)
    d. Seun van die mens = die Here Jesus = Christus = Messias (vgl v32-34)
3. Eerste doel van die verheerliking van die seun van die mens: Dit lei tot baie vrug (Joh 12:24-26)
    a. Joh 1:14 – Ons het Sy heerlikheid aanskou. Maar waar?
    b. Joh 8:50, 54 – Die Here Jesus soek nie Sy eie eer, die Vader verheerlik Hom
    c. Sy optrede het reeds Sy heerlikheid getoon – maar nou in hierdie uur in besonder
    d. Sy verheerliking loop saam met Sy sterwe (v24)
    e. Doel van Sy verheerliking deur sterwe is om baie vrug te bewerk (v24)
    f. Vrug = die wat Hom dien, by die Here Jesus is, wie die Vader sal eer (v25-26)
4. Tweede doel van die verheerliking van die Seun van die mens: Dit lei tot verheerliking van die Vader (Joh 12:27-30)
    a. Die Here Jesus worstel met Sy komende sterwe: fisiese lyding, God se toorn, Godverlatenheid, stryd met die duiwel – en Hy het dit vooraf geweet – maar Hy weet dit is juis waarvoor Hy gekom het (v27)
    b. Hy bid: "Vader, verheerlik U Naam!" Die Vader antwoord: "Ek het, en Ek sal" (v28)
        - Vader het al verheerlik: OT geskiedenis, Jesus se tekens en lering
        - Vader sal verheerlik: deur verheerliking van die Seun, begin met sterwe
    c. Skare het stem gehoor, maar nie verstaan nie – tog was die stem juis vir hulle (v29-30) – hulle het dit waarskynlik eers later verstaan
5. Verdere doelwitte van die verheerliking van die Seun van die mens (Joh 12:31-33)
    a. Oordeel oor die wêreld (v31): Finale oordeel met wederkoms, maar oordeel begin nou alreeds: gelowiges gaan nou al oor van dood na lewe
    b. Heerser van die wêreld word uitgedryf (v31): Die duiwel is met die Here Jesus se sterwe gebind en uit die hemel gegooi
    c. Seun van die mens word van die aarde verhoog (v32): Sy kruisiging, maar ook opstanding en hemelvaart (vgl Jes 52:13, Fil 2:8-9, Heb 1:3b-4)
    d. Trek almal na Hom toe (v32): Almal = van alle herkomste; insluitend die Grieke
6. Die skare worstel met Jesus se lering (v34), maar Jesus sê Hy is die lig (Joh 12:35-36a)
    a. Hulle het genoeg gehad om te besin oor wat later in daardie week gebeur – dan kan hulle kinders van die lig word
7. Hierdie lering was die afsluiting van die Here Jesus se openbare optrede (Joh 12:36b)
    a. Gesprek begin deur die Grieke, inhoud geld vir almal: Jode en Grieke